

PREEKSKETS: EFESIËRS 2:1-10

Jagters is lief om met die trofees van die diere wat hulle dood gemaak het te spog. Die dier moet met sy lewe boet sodat die jagter sy trofee aan almal kan wys. Ons is God se trofees, sy pragstukke wat Hy baie graag aan die wêreld wys. Die een groot verskil is: Ek en jy was dood... vir ewig dood en verlore... en God moes sterf sodat Hy ons lewend kon maak om ons sy trofees te maak.

HOE HET ONS UIT DIE DOOD GOD SE TROFEES GEWORD? Paulus skryf: *“Want ons is sy maaksel, geskape in Christus Jesus...”* Die hele gedagte van ’n “maaksel” wys op die eindproduk van iemand se harde werk. Die HERSKEPPINGS werk wat God deur sy Gees in Christus in ’n dooie mens doen, lei tot ’n meesterstuk... ’n trofee wat God se grootheid uitwys. Al hoe dit enigins moontlik is, lê in die woorde *“in Christus het Hy ons geskep”*.

Kry in jou gedagtes die prentjie van God wat afduik en my uit die donkerdieptes van die see kom haal. Hy blaas weer asem in my longe en Hy laat my hart weer klop sodat ek kan lewe? En die enigste rede hoe Hy dit kan doen is in Christus. In Christus kry die rykdom van God se barmhartigheid en sy innige liefde gestalte... dit lyk soos iemand wat gekruisig is. Christus het in ons plek aan die kruis gesterf en in ons plek uit die dood uit opgestaan, en nou sit Hy aan die regterhand van die Vader. Dis die Gees wat my hart daarvan oortuig dat hierdie die waarheid oor my is. Daarom glo ek dit en is ek ook ’n meesterstuk maaksel van God. Ek is sy trofee!

WAT DOEN ’N MEESTERSTUK TROFEE? Hy het *“ons geskep om ons lewe te wy aan die goeie daade waarvoor Hy ons bestem het.”* God het ons nie in Christus en deur sy Gees tot meesterstukke herskep, sodat ons “nobody’s” kan wees nie. God het ons nie daartoe bestem om soos dooie trofees teen ’n muur te hang nie. Die krag waarmee God deur sy Gees in ons werk, maak ons meesterstukke sodat ons in dankbaarheid sy goeie daade kan voortsit. In ons gewone gang van elke dag se werk, ook in ons sport en ons ontspanning, lê ons ons ywerig toe (Titus 2:14) op goeie daade! Goeie daade laat Christus meer en meer in my gestalte kry (vgl. Rom. 8:29). God red ons uit die dood en maak ons sy Meesterstukke, sy trofees, sodat ons, aangevuur deur die Gees, ywerig daarna strewende om meer aan Christus gestalte te gee.

OGGENDDIENS

TEMA: Dooies word trofees van God se genade!

Stemmingsliedere

Ps. 135:1&2

Lied 501:1&2

Ontmoetingsdiens

Votum / Seëngroet

Ps. 9:1&7&10

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Versoeningsdiens

Nagmaal: Selfondersoek

Ps. 25-2:4&5

Woorddiens

Gebed

Skriflesing: Efesiërs 2:1-10

Fokusvers: Efesiërs 2:10

NAGMAAL

Instelling van die Nagmaal

Lied 253

Lieds 464:3&4

Antwoorddiens

Gebed

Fokus op die wêreld

Ps. 18-2:5&7

Groetseën

AMEN

AANDDIENS

TEMA: My getrouheid verheerlik God!

Stemmingsliedere

Ps. 116:1-3

Lied 167:1&2

Ontmoetingsdiens

Votum / Seëngroet

Ps. 128:1&4

Ps. 119:10&11

Woorddiens

Gebed

Skriflesing: Daniel 3:1-30

Fokusvers: Daniel 3:28

Antwoorddiens

Gebed

Ps. 89:11&12

Groetseën

AMEN

Lied 566:1-3

Die ontstaan van die Bybel

Die Bybel is dié belangrikste BOEK. Dit bevat openbarings geskiedenis, want dit vertel my iets wat ek andersins nie sou geweet het nie, die Here praat daardeur met my. Die skrywers van die Bybel is deur die Here gelei om sy woord neer te skryf, ook genoem hulle is “gewind” en daarom GLO ek dat die Bybel die WOORD van God is.

Waarom moet ek die Bybel ken?

Sodat ek die Here, wat my liefhet en geskape het kan ken. Die Here wil hê dat ek Hom ken, lief het en aan Hom gehoorsaam is. Hy sê aan my: “Ek is jou Skepper en Hemelse Vader. Ek verlos jou van jou sondes deur my Seun, Jesus Christus.”

Ek weet dat God my Vader is en daarom is ek aan Hom gehoorsaam en dien ek Hom. En so ken ek die Bybel deur Psalm 34:12 “Kom kinders, luister na my! Ek sal julle leer hoe om die Here te dien.”

Hoe weet ek dat die Bybel die woord van God is?

Ek glo dit, want ek lees dit in die Bybel en die Heilige Gees sê dit in my hart dat dit so is. Die Here praat met my deur sy Woord en deur die Bybel te lees hoor ek my Hemelse Vader se stem. En so weet ek dat die Bybel die woord van God is: Johannes 8:47 “Wie van God afkomstig is, luister na die woorde van God. Daarom luister julle nie omdat julle nie van God afkomstig is nie.”

Hoe het die Here die Bybel aan my gegee?

God het mense gebruik om sy woord vir my op te skrywe. Die Bybelskrywers skryf elkeen op sy eie manier wat hulle gehoor en gesien het, en daarom sien ek dwarsdeur die Bybel dat dit die woord van God is waarmee ek te doen het. Die Heilige Gees het die skrywers so gelei dat alles die ware woord van die Here bly. Die Here het die Bybel aan my gegee: 2 Petrus 1:21 “Geen profesie is ooit deur die wil van ’n mens voortgebring nie. Inteendeel, dit was die Heilige Gees wat die profete God se woorde laat verkondig het.

Die woord van God bly ewig waar

Ek is lief vir die Bybel en lewe daarna so sal dit altyd bly, totdat my Here Jesus op die wolke sal verskyn en die aardse lewe sal ophou bestaan. Jesaja 40:8 “Gras verdor, blomme verwelk, maar die woord van God bly vir altyd.”

Die Bybel is duidelik

Die Bybel is so duidelik dat selfs ’n kind daarin kan leer hoe hy/sy die Here moet dien: Matteus 11:25 “Toe het Jesus hierdie gebed gebid: “Vader, Here van die hemel en die aarde, Ek sê vir U dankie dat U die insig in hierdie dinge van die slimmes en intelligentes weerhou het en dit oopgemaak het vir hulle wat soos kinders geword het.” (Bron: “Laat my lammers wei” – ds. M. J. Booyens)

Ons is God se handewerk. Hy het ons in ons eenheidsband met Christus Jesus só gemaak dat ons die goeie werke wat Hy vir ons bestem het, kan uitlewe. (Efesiërs 2:10)



'n Bok wat deur 'n jagter geskiet word en teen sy muur hang noem ons 'n trofee. Die jagter is baie trots op sy trofee en wys dit vir almal.

Elkeen van ons is God se spesiale trofee, sy meesterstuk. Nie een van ons is dieselfde nie, daar is niemand in die wêreld soos jy nie. Jy is uniek en God is baie lief vir jou en spog met jou.

Christus het aan die kruis gesterf, en God het Hom uit die dood laat opstaan.

Teken jouself

Ons moet die Bybel lees sodat ons weet wat Jesus ons leer. Hy wil dat ons gehoorsaam moet wees en 'n voorbeeld vir almal sal wees.

